# Nuusbrief

Posbus 378, PARYS, 9585
Tel/ Faks: 056 817 7859
Sel: 082 353 8425
e-Pos admin@merinolandskaap.co.za

# AUGUSTUS 2019

## NASIONALE VEILING ~ 14 Augustus 2019

Die Nasionale Veiling is hierdie jaar gehou op Woensdag, 14 Augustus by die kleinvee kompleks van die Bloem Skou terrein. 38 ramme is op die dag deur 9 top telers verkoop. Die hoogste prys van R60 000 wat 'n nuwe rekord vir die Genootskap is, is betaal vir 'n ram van Dutwa Boerdery van Mortimer, gekoop deur Bok van Zyl van Bethlehem. Die 32 stoettramme is verkoop vir 'n gemiddeld van R13 453 en 6 Kudde ramme vir gemiddeld R5 666.




Danie Strauss (afslaer, BKB), Jan en Charné du Toit van Dutwa Boerdery, Mortimer (verkopers), Bok van Zyl en Theunie Theunissen van Bethlehem (kopers)

## ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Algemene Jaarvergadering is hierdie jaar deur 14 lede bygewoon. Baie dankie aan die lede wat tyd gemaak het vir die sake van die Genootskap. Die finansiële state, en notule van die vergadering word saam met hierdie Nuusbrief aan u gestuur.

Baie geluk aan lede wat toekennings ontvang het.

| | |
|---|---|
| Hide-a-way's Wisseltrofee vir die stoet met die beste getallegroei | Haresia Landskaap Stoet Hardus Vermaak |
| Julie Moorcroft Wisseltrofee vir tydige en volledige rekordhouding | PC Landskaap Stoet CW & Melanie Claasen |
| Errol Moorcroft Wisseltrofee vir die stoet met die beste interlam syfers | Vaalbos Landskaap Stoet Pieter en Dalena Niemann |



Baie geluk aan lede wat op die Raad verkies is vir die 2019/2020 termyn
Ben du Plessis (082 404 7428) ~ Koppies - Voorsitter, Jan du Toit (083 456 3871) ~ Mortimer, CW Claasen (082 562 6363) ~ Petrus Steyn – Onder Voorsitter, Pieter Niemann (072 150 2402)~ Ulco, Callie Bothma (083 413 1740)~ Moreletapark

## UNICOM SKOOL




Baie dankie aan elke lid wat diere geskenk het om die Merino Landskaap stoet by die Unicom skool te begin. Ons glo dat hierdie poging van die Raad om ons ras uit te bou en meer bekend te stel van krag tot krag sal gaan.

# KANTOOR AANGELEENTHEDE

## IS U GEBOORTE KENNISGEWINGS OP DATUM?



Die kantoor is bewus daarvan dat sommige lede hul Geboortekennisgewings terug hou tot die Stamboek rekening ontvang is. Dus het die tyd nou aangebreek om u agterstallige geboortekennisgewings **DRINGEND** in te stuur. Volgens die Grondwet moet alle geboortes binne 3 maande na die geboorte aangemeld word.

Onthou asseblief dat indien ‘n lam dood gebore is die geboorte steeds aangemeld moet word sodat dit op die ooi se rekord kan verskyn. Daar is tans heelwat ooie ouer as 24 maande op die stelsel waarvan nog nooit geboortes aangemeld is nie.

## PRESTASIE TOETSING

Op die Algemene Jaarvergadering is daar soos die afgelope paar, jaar weereens ‘n beroep op telers gedoen om Prestasie toetsing te doen. Soos u sal merk in die Notule van die Algmene Jaarvergadering is Stamboek besig om aan die Logix stelsel aandag te gee sodat daar minder probleme sal wees om gewigte van diere te kan opneem. Ons is bewus van die probleem en is tans daadwerklik besig om aandag hieraan te gee. Dit is belangrik dat u administrasie op datum is. Maak seker dat u die hele groep se gewigte op een slag instuur. Geboortedatums van die groep moet egter nie meer as 60 dae uitmekaar wees nie. Al dink meeste lede dit is groot werk is dit tog nie so moeilik nie. Al wat u moet doen is die volgende:

**Neem ‘n 100 dae gewig en stuur dit in (tussen dag 72 en 125)**
**Neem ‘n naspeen gewig en stuur dit in (tussen dag 180 en 240)**

## PER KAPITA EN STAMBOEK

Per kapita rekeninge is deur beide die Genootskap en S A Stamboek aan alle lede gestuur. Baie dankie aan lede wat reeds hul rekeninge vereffen het. U word daarop gewys dat u rekening volgens die Grondwet as agterstallig beskou word indien dit nog nie teen die einde September vereffen is nie. **Onthou ook asseblief dat S A Stamboek apart betaal moet word.** Lede wie se kanselasies en oordragte nie op datum is nie, is gefooi vir diere wat nie meer in hul besit is nie – vir sommige van u werklik ‘n duur fout. Maak dus asseblief seker dat u administrasie op datum is.

## DIERE TE KOOP BESKIKBAAR

Daar is verlede jaar al reeds ‘n beroep op lede gedoen om asseblief nie jong ooitjies te laat slag nie. Verkoop eerder die ooie wat jy nie meer wil hê nie aan ‘n mede teler of kommersiële teler en help ons so om die ras te laat groei. Die Genootskap beskik oor die opsie om diere (ooie) wat nog nie voorheen in die Stamboek register was nie op te neem in die A of B aanhangsel register. ‘n A dier is tipies Landskaap en u het moontlik die besonderhede van die ouers en\of geboortedatum beskikbaar. Vroulike nageslag van ‘n A diere kan in die die B register opgeneem word. ‘n B dier se nageslag kan in die SP register opgeneem word. Hierdie diere moet egter deur ‘n goedgekeurde keurder of beoordelaar van die Merino Landskaap Genootskap gekeur word. Kontak gerus die kantoor om die nodige vorms te kry om hierdie diere op te neem. Hierdie stelsel maak di took maklik indien u, u kommersiële diere wil omskakel in geregistreerde diere. Praat gerus met ons Raadslede of die kantoor indien u meer hieroor wil weet.

Laat weet asseblief DRINGEND die kantoor indien u enige diere te koop beskikbaar het. Daar was na afloop van die Nasionale Veiling navrae na beide ramme en ooie. Daar is veral navraag na suiwer Landskaap ooie wat opgeteel kan word om in 'n stoet opgeneem kan word. Dankie aan diegene wat reeds laat weet het van diere wat beskikbaar is.

Marietha Pieterse van Carolina het 'n aantal 4 maande oud kommersiële ooie beskikbaar. Kontak haar by 083 656 0994.
Jan van Wijk van Ficksburg het 'n aantal tweetand en ander ooie beskikbaar. Kontak hom by 082 573 4734

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 8 September | Goedgeland Produksie Veiling - Standerton |
| 18 – 20 September | Alfa Ekspo - Parys |
| 16 Oktober | Aldam Veeskool |

Maak gerus 'n draai in Parys by die Alfa Ekspo. Dit is 'n soortgelyke skou aan Nampo, alhoewel nie so groot nie. Die Genootskap neem hierdie jaar deel aan die **BKB Nasionale Ramprestasie Kampioenskappe**. Drie ramme van die Du Plessis Familie is ingeskryf na aanleiding van syfers wat deur S A Stamboek verskaf is. 'n Ooi van Dirk du Plessis neem deel aan die **Nutrifeed Moneymaker Ooi Kompetisie**. Die Groot Kampioen Ram van Ben du Plessis neem deel aan die **Barnlab Best of the Best Kompetisie**. Ons neem ook deel met twee groepe van 4 lammers aan die **Slaglam Kompetisie**, ingeskryf deur Ben du Plessis en Willie van Niekerk. Sterkte aan hierdie telers.

Tydens Alfa hou Stamboek ook 'n ontbyt waar 'n aantal Elite toekenning gemaak word. Hierdie jaar het ons 8 lede wat meeding. **Baie geluk** aan Ben du Plessis, Dirk du Plessis, Callie en Annatjie Bothma (Katiba), CW en Melanie Claasen, Johan en Jan du Toit (Dutwa Boerdery), Pieter en Dalena Niemann, Stephanus Pretorius (Pretorius Entrepreneurs) en Hardus Vermaak wat genomineer is. Uitslae van al hierdie kompetisies sal volgende maand in die Nuusbrief verskyn

## *Gedagte vir die Maand*



Dankie André Stapelberg vir die foto

*Ek het tot die insig gekom*
*dat daar vir 'n mens*
*niks beter is nie as om*
*vrolik te wees*
*en die goeie*
*van die lewe te geniet.*
*` Prediker 3:12 `*